Publication: Rapport (Gauteng), Beleef

Date: Sunday, May 01, 2022

Page: 16



# Leer kinders só oor geldsake

## Gee leiding, verduidelik, maar moenie bestuur

Nico van Gijsen



**Raad met jou rande**

Hoe leer ek my kind van geld? Die vraag kom van 'n leser met 'n sesjarige seun.

Ek sou regtig gehou het van 'n makliker vraag. Maar die vraag is baie interessant. Ek meen dis ook 'n vraag waarop baie verantwoordelike ouers (en oumas en oupas) riglyne sal wil hê.

Ek het nie klinkklare antwoorde nie - niks wat met geld te doen het, is klinkklaar nie - so kom ek deel 'n paar gedagtes. Gaan dink dan maar self hieroor.

Voor ek verder gaan, wil ek hê almal moet eers verstaan: Jou kind is nooit te jonk om te leer nie. Nie van geld nie. Nie van die lewe nie. Dis net die vlak van die kommunikasie wat ouderdomsverwant is, nie die boodskap nie. Al is die insig nog nie daar nie, die manier van doen kan ingemessel word.

Op dié punt wil ek net verwys na 'n berig in verlede Sondag se *Rapport*, "Kleuters skokkend agter met leer in SA", waarin Kayin Scholtz, 'n maatskaplike werker, die stelling maak dat 'n kind se vernaamste ontwikkeling in die voorskoolse stadium plaasvind. Die berig gaan oor 'n tragedie wat hom in ons land afspeel, maar die punt wat ek wil uitlig vir ons bespreking vandag is dat selfs voorskoolse kinders blootstelling moet kry aan verantwoordelike geldbestuur.

Dit gaan 'n invloed hê op hoe hulle eendag met hul eie geldsake werk.

### Die meeste van ons kan óf ryk lyk óf ryk wees

Die kern van my boodskap vandag is 'n waarheid uit die kommunikasiekunde. Moenie sê nie, wys - deur voorbeeld, nie reëls nie.

Christian (ons leser se seun) het al R3 000 gespaar. Hy wil graag 'n Lego-boot koop, maar hy twyfel of hy moet. Dis vir hom te lekker om te dink hy is ryk.

Christian, spesiaal vir jou, ek wens meer mense kan soos jy wees. Pas jou geld op, ou seun. Geld kom nie maklik nie.

Maar, en dit is 'n belangrike maar, jy moet ook nie so vasklou aan geld dat jy jouself niks lekker in die lewe gun nie. Weet net dit, jy kan óf die goed óf die geld hê. Nie albei nie. Dit gaan oor balans. Laat jou ma vir jou verduidelik van balans in die lewe.

As die Lego-boot belangrik is, koop dit. As dit nie nou so belangrik is nie, spaar jou geld. Dalk êrens vorentoe het jy soveel geld gespaar dat jy die Lego kan koop en steeds R3 000 in jou belegging oorhou.

Daar is ongelukkig te veel mense wat dink om ryk te lyk is belangrik. Glo my, die meeste van ons kan net óf ryk lyk óf ryk wees. Om ryk te wil lyk, lei tot skuld maak en armer word is die gevolg. Vermy dit.

### Die waarde van 'n nul

Wat leer jy jou kind om te verstaan van geld?

Vertel hom of haar van spaar. En die "goed of geld"-storie hierbo. Vertel van die vermenigvuldigende krag van saamgestelde rente (groei op groei). Vertel dat geld, reg belê, meer word. Goed verloor waarde. Dit raak weg. Dit breek.

As jou kind lees en skryf begin verstaan, vertel hom of haar van die waarde van 'n nul. Alles word tien keer meer as jy net 'n nul agterna kan sit. Ons het almal tien vingers en tien tone. Ons almal het al op ons vingers optelsomme gedoen.

Die waarde van 'n nul agteraan maak van een vinger tien vingers. Van R1 maak dit R10.

Geld gespaar bring die nulle. Hoe langer dit belê word, hoe meer nulle kan jy oor tyd byvoeg.

### Verduidelik tot jy moeg is (dan nog) . . .

Belangrik ook, vir my, is dat spaar nie so 'n kwessie moet word dat dit die kind van sy kindwees ontneem nie. Kinders moet foute kan maak. So leer hulle. Ons maak almal foute.

Gee leiding. Moenie bestuur nie. Laat hy of sy verantwoordelikheid aanvaar vir besluite. Maar pasop om ooglopend toe te laat dat die kind geldflaters maak net "sodat die kind sal leer". So leer 'n mens niks. Dit kweek net onsekerheid en uiteindelik 'n lae selfbeeld, op sy eie 'n voorloper tot finansiële ellende.

Praat. Verduidelik. Selfs tot jy moeg is. 'n Kind wat verstaan, is tot baie meer in staat as een wat geboelie word en aan wie die heeltyd voorgeskryf word.

### Vir hoërskoolkinders

Vir ouer kinders (hoërskool) het die Instituut vir Finansiële Beplanning (FPI) 'n program ontwikkel genaamd FPIMyMoney123™, wat op 'n baie basiese manier die grondbeginsels van finansiële beplanning verduidelik. As jy dus 'n gesertifiseerde finansiële beplanner (met die CFP®- of RFP™-betiteling) as finansiële raadgewer het, wat ek in elk geval baie sterk sal aanbeveel, vra hom of haar hieroor.

En as jy 'n ouma of 'n oupa is wat geldjies vir jou kleinkind wegsit, wys dit vir die kind. En wys die kind op die groei. Sê byvoorbeeld vir hom of haar "dit is vir jou studie" eendag. Jy begin die idee van spaar vestig as hy of sy die begrip "eendag" begin verstaan.

Wys as daar 'n nul bygekom het. Selfs klein kinders verstaan dat 'n nul agterna meer beteken. Net soos die enkelvingertjies of -toontjies met net 'n nul aan tot tien optel.

■ **Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Stuur navrae aan hom deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.**

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.